


The SOUTHERN AFRICAN DIVISION OUTLOOK



VOLUME XXXII

KENILWORTH, CAPE, AUGUST 1, 1934
(Registered at the General Post Office as a Newspaper)

NUMBER 14

★ £1,000 OVERFLOW FOR THE DIAMOND JUBILEE ★ £1,000 OVERFLOW FOR THE DIAMOND JUBILEE ★

The Diamond Jubilee

*To the Brethren and Sisters in the
South African Union Conference:*

What an inspiration to know that just sixty years ago this denomination sent out its first foreign missionary.

What growth, under the blessing of Heaven, has taken place during these years. Today our work belts the globe. But the lines are dreadfully thin, and the resources feeble when compared with the unprecedented opportunities and needs.

How better could the occasion be marked than by a £1,000 Harvest Ingathering overflow to the cause of missions, the success of which will usher in the consummation of the hope of the ages.

Let us adopt the slogan:

£1,000 JUBLIEE OVERFLOW IN TEN DAYS,
AUGUST 1 - 10.

Home Missionary Department.

★ £1,000 OVERFLOW FOR THE DIAMOND JUBILEE ★ £1,000 OVERFLOW FOR THE DIAMOND JUBILEE ★

★ £1,000 OVERFLOW FOR THE DIAMOND JUBILEE ★

★ £1,000 OVERFLOW FOR THE DIAMOND JUBILEE ★

Gitwe Camp-meeting, Ruanda, Congo Belge

W. H. ANDERSON

THE Gitwe camp-meeting was held at the mission June 7-11. There were more than 7,000 present. It was a pleasing sight to see them coming on foot over the hills to this meeting. As they neared the mission the various teachers with their congregations waited for their turn to take their places in the lines down the road past Elder Bozarth's house. They took forty-five minutes to pass his house and came from one direction only.

We had more than two morgen of land covered with Sabbath school classes on the Sabbath and when the lesson study was over they began to gather for the meeting. Brother Jones had built a rostrum on the side of the hill, in front of which this large number was seated. The weather was bad as we had a very heavy rain the night before the meeting and the ground was soaking wet, but they came just the same and sat there on the ground throughout the services.

It reminded me of the days of the Master. In those days there were no buildings large enough to hold the crowds which came to hear His teaching. It is the same here; the only thing that could be done was to hold the meeting in the open under the trees.

About 500 will be baptised from the classes connected with Gitwe Mission this year. Most of these will be baptised in their local churches, but 125 of them will join the Gitwe Mission church.

At the close of the service on Sabbath morning Brother R. L. Jones was ordained to the gospel ministry; in the afternoon five native workers were ordained. This is the first ordination of local natives they have had in this field. It is good to see these men of the different tribes taking the burden of the work and showing by their lives and consecration that they are real burden-bearers in the cause. At the service the native workers sang in five languages all of which were represented by members of the congregation. Indeed this message is for all tongues and peoples.

God richly blessed in the meetings. All returned to their work greatly encouraged and with renewed determination to press on witnessing for God among the heathen about them. A large offering was taken for the support of the work.

Requests have come at this place for twelve new workers. These requests were from people who have heard some of the message, and as a result hundreds of them are already keeping the Sabbath as best they can, but they want to be taught the truth more fully. These requests represent more than 2,000 people who are pleading for an opportunity to hear this message.

When we think that £5 would keep one of these native workers employed for one year, and that at the end of two years he would be able to establish a church of

150 to 200 members, it seems a pity that funds are not available to gather in this harvest.

"Say not ye, there are yet four months, and then cometh harvest? Behold, I say unto you, Lift up your eyes, and look on the fields; for they are white already to harvest." Then pray that the Lord of harvest may send forth the reapers into these fields to reap the harvest that is now ready. Let us plan to support these reapers as they gather in these waiting souls for God.

the medium of Harvest Ingathering than any other effort. Obviously the importance of continuing this annual effort is paramount in order to adequately finance the proclamation of the last warning message for this time.

A. E. N.

M. V. Department

M. P. Robison, Secretary

Missionary Volunteer Evangelism

"THE Lord calls for volunteers who will take their stand firmly on His side, and will pledge themselves to unite with Jesus of Nazareth in doing the work that needs to be done now, just now."—"Fundamentals," page 488.

Our young people the world around are catching the spirit of evangelism, and we see the fulfilment of this quotation in the work that is being done in many lands. We pass on a few reports that have recently been received.

Missionary Volunteers Send First Missionary From Philippines

"It has been very encouraging to see the attitude of the young people toward soul-winning work and toward the various activities of the Missionary Volunteer Department.

"This year, 1934, we are launching upon a project of a definite foreign missionary nature—the support of a Filipino worker in an island outside of the Philippine group. This worker is to be partially supported by the offerings of the Missionary Volunteer societies. Frankly, this project demands far more of the young people than anything in the past. But I have high hopes that with the foreign mission idea firmly established, we shall see the Filipino youth really accomplish the goal set before them—the actual support of foreign mission work by themselves."—J. L. Cummins, *Philippine Union Mission*, January 3, 1934.

We are happy for this further word from Brother Cummins:

"Our first pioneer missionary and his wife sailed on the 21st of February (1934) for Japan, where they will spend a couple of months studying the Japanese language. Then they will go on to the Caroline Islands. Our Missionary Volunteers here in the Philippines are quite enthusiastic over this project; they are, I think, one hundred per cent behind it."

Missionary Volunteers Busy

"At the Georgia-Cumberland Church Officers' Convention this past week-end, when the *Watchman* was discussed, a young lady who was evidently the leader of the Missionary Volunteer Society at Columbia, Georgia, arose and told how the

Our Largest Source of Mission Income

To state that the Harvest Ingathering plan is important is but to inadequately describe it for indeed it is more,—it is of paramount importance and indispensable. To dispense with it would not only bring decreased revenue to the mission treasury, but as a natural corollary there would be a greater lack of workers and facilities with which to carry forward the work in its various branches.

In an endeavour to explain the importance of our Ingathering plan and especially the results that would obtain if the funds from this source should cease, it is only necessary to state that, should our efforts along this line stop in the Division, the equivalent of funds sufficient to finance the work in the Angola Union and part of the Congo Union would not be forthcoming. In other words, funds equivalent to the regular appropriations made to the Angola Union and 25 per cent of the Congo Union appropriation would cease to flow into the mission treasury.

From another aspect the Harvest Ingathering contributions are important. The relationship of the three main sources of mission offerings to the total mission offerings received throughout the world is as follows:

Sabbath School	50%
Harvest Ingathering	31%
Other Mission Offerings	19%
	100%

Thus from the above it is apparent that 31 per cent of the total mission offerings raised in the world (during 1932) was Harvest Ingathering funds. But even a greater percentage obtains when we make comparisons of funds raised in the Southern African Division during 1933:

Sabbath School	38%
Harvest Ingathering	45%
Other Mission Offerings	17%
	100%

From these facts it is clear that almost one half of the mission offerings are obtained through the channel of the Harvest Ingathering effort. It is also noticeable that more money is raised for missions through

Missionary Volunteers of their church this past summer undertook to earn money necessary to carry on an evangelistic campaign in their town through the sale of the *Watchman*. Their pastor, Brother R. Pierson, put on a series of meetings (the society largely supplied the funds) which resulted in a harvest of nine souls baptised. Needless to say, the young people of that church are very enthusiastic about their missionary efforts when they see such results as these accruing from their work. Their pastor tells us that they have a small debt on their church and that the Missionary Volunteers are now turning their attention toward the raising of this debt through the sale of the *Watchman*."—L. L. Skinner, *Southern Publishing Association*.

Ruanda, Belgian East Africa

"During 1933 Missionary Volunteer Week, we encouraged all our societies to put on a special soul-saving programme. The young people went out into the surrounding country in small groups and conducted meetings every day. As a result of this work there were nearly three hundred heathen converted. We are trying to do more of this kind of work this year. I have heard from only one mission thus far, and at that one mission there were about two hundred converts during Missionary Volunteer Week. Our Missionary Volunteers are real workers."—C. W. Bozarth.

China Division

"The one hundred young people at our school in Canton this year have set as their goal the opening of our mission work among the tribes of interior Hainan. They have done remarkably well thus far in carrying the burden of opening the work in that island. Only a few weeks ago seven people from the island of Hainan were baptised, and there are about twenty others in the baptismal class who will be baptised soon. That school is wide awake in its missionary activity."—D. E. Robok.

H. M. Dept.
F. E. Potter, Secretary

With the Ingatherers

EVERY item of news concerning the Ingathering campaign which has come to the Division office has been cheerful and encouraging.

In the Cape Peninsula both from workers in the pre-campaign operating the business areas, and church members in the regular campaign working residential areas, comes the report of larger donations, and more willing response on the part of the public than was the case last year. Up on the Rand and down in little old Natal our people report likewise. Certainly the Lord of the harvest is working mightily for us

this year and we will do well to follow His leadings faithfully and perseveringly. There is every opportunity for the South African Union to reach its goal in three weeks. The commercial leaders all agree that prosperity is returning to our land. Financial reports reveal the fact that there is an abundance of money available for circulation. There is a spirit of optimism and generosity abroad. All that is needed, therefore, to make our 1934 Harvest Ingathering campaign a banner one is a spirit of zeal and faithfulness on the part of God's people. His cause is urgently in need of funds to take care of our rapidly growing work and it behooves every one of His earthly co-labourers to work as they have never worked before.

Let every Seventh-day Adventist, therefore, turn out into the harvest field this year so that there may be brought into the Lord's treasury a substantial overflow to meet the urgent needs of His work in this Division. The spirit of the Ingatherers this year is a fine one—they are working faithfully and courageously. What is needed is more Ingatherers.

If you, dear brother (or sister) reader, have not started yet, won't you do so now and do your share for the Master's sake?
F. E. POTTER.

Publishing Dept.
F. E. Potter, Secretary

Incidents in the Literature Ministry

NURSE SERGEL, of Kingwilliamstown, though hampered by recurring illness, manages to find time to spread the truth by means of the printed page. During her work she came across a young lady who had attended two of our public efforts twelve years ago and learned fully about the truth. She did not take her stand, however, but was later confirmed in the Lutheran Church.

Sister Sergel tried to interest her again in the truth and after several visits to her home was successful in getting her to attend Sabbath school. After five months' fellowship with our people, and a re-study of the truth this young lady requested baptism and she is now a member of the Kingwilliamstown church. Sister Sergel firmly believes that God is opening doors of opportunity to His people everywhere to win souls for the kingdom—even to those weak and afflicted as she is.

Brother E. Marter is planting the seeds of truth in the heart of busy Johannesburg by means of "This Mighty Hour." Business and professional men of all kinds have purchased his book and have been greatly interested in its wonderful outline and explanation of world conditions today. Here and there in all sorts of places Brother

Marter finds interested souls, and he is now holding two Bible classes weekly, at which there are twelve people present. The Lord seems to have guided our brother into this special work and is richly blessing his efforts to afford the busy commercial and professional men an opportunity of learning God's message for this hour.

Brother D. A. de Beer is taking the message in printed form to the farming community and is meeting with interested souls everywhere despite the efforts of other ministers to obstruct his work. Several ministers are touring the district preaching against our brother's work and warning their people to turn a deaf ear to his message. Notwithstanding his our brother has several interested families, two of which are keeping the Sabbath.

The foregoing experiences are just a few of the many that could be written on the fruitful work of the literature ministry.

The faithful men and women in this branch of the Lord's work are of good courage and find their work a source of rich spiritual blessing to themselves.

F. E. POTTER.

S. A. U. Conference
N. C. Wilson President
J. E. Symons Secy.-Treas.
Box 468, Bloemfontein, O. F. S.

Quiet Talks with the Medical Secretary

Do you eat meat? If so, why? Please face these questions fairly, and answer them frankly.

I AM talking to a people who have left the pleasures of this world, and consecrated their whole lives to God, and the work of finishing the proclamation of the gospel of the kingdom, so Jesus can come.

"Greater reforms should be seen among the people who claim to be looking for the soon appearing of Christ. Health reform is to do among our people a work which it has not yet done. There are those who ought to be awake to the danger of meat-eating, who are still eating the flesh of animals, thus endangering the physical, mental and spiritual health. Many who are now only half converted on the question of meat-eating will go from God's people to walk no more with them."—*"Counsels on Health,"* p. 575.

And I have seen just that very thing happen. Can you afford to run the risk?

God is not unreasonable in His requirements, and He does not ask us to give up anything that is worth keeping. He asks us to give up meat because it is unsafe to use it. We in Durban have recently had it brought home to us very forcefully by the discovery of a lot of measly beef at the Municipal Abattoirs. And some of our people have found this the best argument they ever listened to against the use of

flesh food. And this is the reason, my friend, why God asks you to give it up. "Those who subsist largely upon flesh, cannot avoid eating the meat of animals which are to a greater or less degree diseased . . . the liability to take disease is increased ten fold by meat eating."—"Testimonies," Vol. II, p. 64.

Now why should one continue to run this very real risk to both the spiritual and physical life? If you cannot get vegetables, of course you will have to eat what you can get. But be sure you have taken every reasonable step to arrange your diet in accordance with the teaching of the Spirit of prophecy. It is definitely worth the most careful planning. It may become a life and death matter to you—both physically and spiritually.

Perhaps you don't know how to prepare vegetarian food? Now if that is your problem we are here to help you. Please write me and state your case as fully as is necessary to give me the facts so that I can help you. And plans are being made to arrange for every need to be met, so far as possible.

Let us plan to come up on to higher ground in this matter. God can, and will, richly bless us if we will fulfil His conditions. And remember, our motto is "Service." The greatest incentive to beautiful living, is the desire to serve others. And the first step in service is to be an example to others, an example of what God can do for us when we obey His commands. We shall talk further about plans for service, next time.

S. A. Conference

L. L. Moffitt _____ President
P. W. Willmore _____ Secy.-Treas.
Box 256, Bloemfontein, O. F. S.

A Good Sabbath School Investment

FEELING that it would be of general interest to our Sabbath school officers, we are passing on a letter received from the superintendent of our Johannesburg Sabbath school. We trust that the experience related will encourage others to strengthen their plans for Investment.

"I'm sure you will be interested to hear what the Johannesburg Sabbath school did for last Investment day. About three months before the special day we told the members that we had shillings and sixpences to give to those who would care to invest them. Quite a number received money, and we gave them a few suggestions as to how they could invest. We kept a list of the names of those who were using these special shillings and sixpences; and from time to time, they told us how

they were getting on with their investments.

"When the day came for all the money to be brought in, we invited our members to tell the school what they actually did to increase their amounts, and it was most interesting to hear about the different activities. Two children in the primary division bought knitting silk with which they knitted covers for coat hangers; they brought in 15/-. Two others bought material with their shillings and made babies' rompers, which they sold, and with this money bought more material to make more garments for sale. They brought in 15/-. One tiny girl sold eggs which were laid on Sabbath and brought in quite a nice little sum. A boy planted a bean garden and each time the beans were plucked he reminded his mother to pay for them as they were for the Lord. Some of the children sold bottles, bags, and newspapers, and were happy to bring in their returns.

A sister bought ingredients to make health coffee with the 1/- she received. She then sold this coffee at so much per pound; her profit amounted to 12/-. Quite a number of the little ones told how they helped with the work at home and received payment which went to the Fund. One very tiny girl earned her offering by cleaning daddy's shoes each morning.

When the offering was counted it amounted to very nearly £12. We trust that some who have not yet taken part in the Investment Plan will do so and share in the joy of working for Jesus. We trust that our next Investment Offering will be even better than this one."



A Liberal Overflow Assured

THE churches of the conference have rallied to the 1934 Harvest Ingathering in a most encouraging way. Fourteen churches have reached, or passed, their goals. Others are running strong. The total raised in the South African Conference by the close of the second week of the campaign is £2,427—or 79% of its goal. This is splendid.

I have just returned to the office from the Cape. Both the Peninsula churches are over the top—also Worcester. These churches are still working. They are planning to complete all available territory, with the objective of producing as large an overflow as possible.

We believe this is the spirit throughout the field, and are therefore assured of the hearty co-operation of every church in supporting the conference in doing its utmost to excel all past records. As a secondary goal, let us set ourselves the task of raising an £800 overflow, thus doing our share to assist the South African Union Conference in reaching its proposed jubilee overflow of £1,000.

L. L. MOFFITT.

Kampdienste in die Samesie en Suid-Oos Afrikaanse Unies

J. F. WRIGHT

NA die konferensiesitting en kampdienste te Johannesburg 13-22 April, het ek die voorreg gehad om Leraar C. H. Watson te vergesel na die Samesie en Suid-Oos Afrikaanse sendingvelde, om die kampdienste en komiteevergaderings by te woon, en die sendingstasies te besoek. Die verskillende kampdiens was sô uitstekend dat ons voel dat 'n woordjie daaromtrent van belang vir ons mense sal wees; daarom gee ons 'n kort oorsig daarvan in die *Outlook*.

Ons eerste diens was te Rusungu Sendingstasie in Noordelike Rhodesië. Hier het 2,582 mense bymekaar gekom vir hul jaarlikse konvensie. Hierdie getal het die van laas jaar oortref met omtrent 1,000. Dus blyk dit dat die byeenkoms hierdie jaar verreweg die grootste is wat nog ooit te Rusungu gehou is.

Gedurende die dienste het 106 hul harte vir die eerste keer aan die Here gegee, en 259 was gedoopt. Die kampdiensofferande het £67 opgebring. 'n Merkwaardige gees het die dienste van die begin af gekenmerk. 'n Diepe indruk was op Leraar Watson gemaak deur wat hy gesien en gehoor het. Die slotdiens was baie indrukwekkend; Broeder J. G. Siepman was by hierdie diens as evangeliedienaar ingeseën. Ons het Rusungu met 'n opgeruimde hart verlaat, onder die indruk dat die Here baie kenlik met ons was deur Sy Heilige Gees op ons uit te stort.

Na 'n verblyf te Boelawajo van een dag, het ons vertrek op weg na Nyasaland. Ons het die werkers te Lower Gwelo Sendingstasie besoek, en daar 'n nag oorgebly. Die werkers was vol moed, en die nuwe mediese afdeling was klaar om werk te begin. Sedert ons besoek het ons berig ontvang dat 'n hele aantal pasiënte daar al behandel is deur Dr. Frank Ingle en verpleegster Mollie Stockil—die werkers in bevel.

Die volgende more vroeg het ons vertrek na Salisbury, waar ons vernag het, en 'n diens gehou het vir ons blanke lede. Die opkoms was goed, en die lede was bemoedig deur die boodskap wat Leraar Watson aan hulle die aand gebring het.

Ná 'n verkwikkende nagrus, was ons weer op weg na Blantyre, waar ons twee dae later aangekom het. Hier het Leraar H. M. Sparrow ons afgewag, sodat hy ons direk kon neem na Malamulo Sendingstasie vir die openingsdiens daardie aand. Vanaf die openingsdiens tot die slotdiens in Nyasaland, Sondag, 20 Mei, was ons tyd ten volle in beslag geneem.

Die dienste in Suidelike Nyasaland was hierdie jaar baie goed bygewoon, en was baie geestelik. Om die waarheid te sê was dit die grootste opkoms wat nog ooit in hierdie unie beleef is. Nog nooit het Leraar Watson in al sy buitelandse ondervinding, voor groter skare van inboorlinge gestaan

nie. Wat hy hier gesien het, was 'n groot bemoediging vir sy eie siel,—keer op keer het hy hiervan gepraat. Op die diens te Malamulo, Sabbat, 12 Mei, was daar 5,995 aanwesig, en oor 'n 1,000 kinders. Tewel Leraar Watson die elfuur vergadering toegesprek het, het ek 'n vergadering van 6,050 mense, net vyf-en-dertig myl daarvan toegesprek. Dink net hieraan! Toe Leraar Spicer, Nyasaland in 1925 besoek het, was die grootste kampdiens wat nog ooit in Afrika gehou was, op Malamulo en die opkoms was omtrent 3,000. En nou het oor die 12,000 mense die dienste in Malamulo distrik bygewoon vergeleke met 3,000, nege jaar gelede. Die ander vier dienste wat in Nyasaland gehou was terwyl ons daar was, was ook baie goed bygewoon. Gedurende hierdie dienste was daar 759 persone gedoop, en 'n groot aantal het hul harte vir die eerste keer aan die Here gegee.

Ek dink dis vanpas om ook iets te sê aangaande ons mediese werk in Nyasaland. Op die oomblik is daar 200 melaatse in die Malamulo Leprose Gestig. Gedurende ons besoek aan Nyasaland het die Hoof-mediese Beampte ons Leprose Gestig ondersoek, en hy het opgemerk dat dit die grootste en beste gestig vandag in Nyasaland is. Hy was hoogs in sy skik met wat hy gesien het van ons algemene mediese werk te Malamulo. Dr. Marcus en sy medearbeiders verrig regtig uitstekende werk in Nyasaland, en hul dienste word baie waardeer deur beide die blankes en inboorlinge.

Toe ons Blantyre Sondagmore, 20 Mei, verlaat, sê Leraar Watson aan my: „Wel, Broeder Wright, ek moet jou sê dat my siel grootliks gescën en bemoedig is, deur alles wat ek in Suid-Nyasaland gesien het. Dit was 'n openbaring vir my, en hierdie besoek sal altyd een van die uitstaande gebeurtenisse in my lewe wees.” Wel, geagte gelowiges, dit was goed om te sien en te hoor wat ons hierdie keer in ou Nyasaland gesien en gehoor het. God doen waarlik groot dinge vir ons in daardie uitbreidende veld, en ons is bly om te sê dat ons Leraar Sparrow en sy werkers vol moet agtergelaat het, waar hulle onvermoed voorwaarts gaan om die werk aan hulle toevertrou, klaar te maak.

Ná ons 'n aangename dag en nag op Inyazura Sendingstasie deurgebring het, waar ons Broeders Palmer, Owen, en hul gesinne, en ander werkers ontmoet het, het ons na Solusie Sendingstasie vertrek waar ons ons laaste inboorling kampdiens bygewoon het. Hier was die opkoms omtrent tweemaal so groot as laas jaar. Ek het nog nooit so'n groot byeenkoms van gelowiges op hierdie stasie gesien nie. 'n Gees van eerbied en toewyding het die dienste elke dag deurdring, en die Here het baie naby ons gekom. Ons het veral die ernstige gees onder die studente op prys gestel. Die skool hier berei regtig 'n uitstekende klas van jongmense voor vir die verskillende sendingvelde van die Samesie Unie. So voel ons dat die kampvergadering op hierdie stasie, hierdie jaar oor die al-

DIE DIAMANT JUBILEUM

Aan die broeders en susters van die Suid-Afrikaanse Unie Konferensie:

Dit is vir ons 'n besieling om daaraan te dink dat hierdie denominasie maar sestig jaar gelede sy eerste buitenlandse sending uitgestuur het.

Hoe het die werk, met die seën van omhoog, gegroei gedurende die jare! Vandag vorm ons werk 'n gordel om die aarde. Maar die lyne is baie dun en die middele ontoereikend in vergelyking met die ongekende kanse en behoeftes.

Ons kan die geleentheid op geen beter manier vier as om 'n surplus van £1,000 in te samel vir die sendingsaak nie. Die sukses van die sending sal die vervulling van die hoop van die eeue inbring.

Laat ons die leuse aanneem:

JUBILEUM SURPLUS VAN £1,000 IN TIEN DAE
1-10 AUGUSTUS

Buurtsending Departement.

gemeen, aangeteken kan word as een van die beste en geestelikste wat nog ooit hier gehou was.

Dit doen my genoë om te sê dat Leraar Higgins en sy staf 'n baie goeie werk doen op Solusie. Die opleiding wat in hierdie inrigting gegee word is van 'n baie hoë gehalte. Volgens 'n onlangse uitlating van die Superintendent van Onderwys vir Suidelike Rhodesië, doen Solusie net sulke goeie werk as enige ander inrigting van sy aard. Hierdie inrigting sal gewis nog 'n magtige rol speel in die voleinding van die werk.

Die werk in die Samesie Unie gaan voorwaarts. Leraar Boger geniet die vertroue en saamwerking van sy hele werkerskorps. Toe Leraar Watson en ek weer ver-

trek het na die suide, was dit met harte vol moet vanweë die dinge wat ons gesien het op die verskillende plekke wat ons besoek het.

Ons voel dat die kampdiens, in beide hierdie unies, alreeds 'n bron van krag en seën geword het vir ons inboorling broeders en susters. Dit was inderdaad 'n genot vir Leraar Watson en vir my om saam met die broeders te dien op hierdie jaarlikse byeenkomste. Waar ons die broeders die hand gegee het op die verskillende plekke, en ons gesigte weer suidwaarts gekeer het, was dit met die ernstige bedede en wense dat God mag aanhou, om Sy werk in beide die Samesie en die Suid-Oos Afrikaanse sendingvelde ryklik te seën in die voorwaartse mars.

S. A. Unie-Konf.

N. C. Wilson President

J. E. Symons Sekr.-Tes.

Bus 468, Bloemfontein, O. V. S.

'n Goeie Sabbatskool-Geldbelegging

F. G. CLIFFORD

DAAR ons voel dat dit tot algemene belang van ons Sabbatskoolbeamptes sal strek, wil ons u 'n brief van die superintendent van die Johannesburgse Sabbatskool voorlê. Ons vertrou dat die ondervindings daarin meegedeel andere sal aanmoedig in hulle belegginsplanne.

„Ek is seker u sal geïnterees wees om te verneem wat die Johannesburgse Sabbatskool laaste Beleggingsdag gedoen het. Omtrent drie maande vóór die bepaalde dag het ons aan ons lede meegedeel dat ons sielings en siksponse het om uit te deel aan diegene wat begeer om die geld

te belê. 'n Hele aantal het geld geneem, en ons het 'n paar wenke aan die hand gegee hoe om die geld te belê. Ons het 'n lys gemaak van al die name van diegene wat geld ontvang het, en van tyd tot tyd het hulle ons vertel hoe sake staan.

„Toe die dag aangebreek het dat al die geld weer moes teruggegee word, het ons die lede versoek om aan die Sabbatskool mee te deel wat hulle gedaan het om die geld te vermeerder. Dit was uiters interessant om die verskillende verslae te hoor. Twee kinders van die primêre afdeling het sy gekoop en skouertjies om klere aan te hang, oorgetrek; dit het hulle 15/- besorg. Twee ander het weer stof gekoop met hulle sielings, en daaruit jurkies gemaak vir babas; hulle het dit verkoop, en nog meer stof gekoop en dit ook klaargemaak. Dit het ook 15/- ingebring. Een klein dogtertjie het die eiers verkoop wat die hennep op Sabbat gelê het; hieruit het sy 'n mooi sommetjie gemaak. Een Seuntjie het 'n lappie boontjies geplant, en elke keer as hulle boontjies gepluk het, het hy sy moeder herinner om daarvoor te betaal, want hy het dit vir die Here geplant. Sommige van die kinders het bottels, sakke,

en koerante verkoop, en was bly om ook hulle winste te bring.

Een suster het met haar sieling graan gekoop waaruit sy gesondheidskoffie gemaak het. Sy het die koffie verkoop en 12/- profyt gemaak. 'n Hele aantal van die kleintjies het vertel hoedat hulle met die werk tuis behulpsaam was, en sodoende iets verdien het vir die beleggingsfonds. 'n Baie klein ou dogtertjie het haar offerande verdien deur haar pappie se skoene elke more skoon te maak.

Toe die geld getel was, was daar byna £12. Ons vertrou dat sommige wat nog nie deel geneem het aan die beleggingsplan, dit nou sal doen, en ook die vreugde sal smaak om vir Jesus te werk. Ons hoop dat ons volgende offerande nog groter sal wees as hierdie een."

'n Onderhoud met die Mediese Sekretaris

Eet u vleis? Indien ja, waarom? Handel eerlik met hierdie vrae, en antwoord hulle openhartig.

Ek praat met 'n volk wat die plesier van hierdie wêreld laat vaar het en hul hele lewe aan God gewy het om vir Hom te lewe en die verkondiging van die evangelie van die koninkryk te voltooi, sodat Jesus kan kom.

„Daar behoort groter hervorming te wees onder die volk wat voorgee om te wag op die spoedige verskyning van Christus. Gesondheidshervorming moet 'n werk onder ons mense doen wat dit nog nie gedaan het nie. Daar is diegene wat moet ontwaak tot die gevaar van vleis, wat nog die vleis van diere eet en sodoende hul liggaamlike, verstandelike en geestelike gesondheid in gevaar bring. Baie wat maar half bekeer is op die vleiskwessie sal Gods volk verlaat en nie meer met hulle wandel nie.”—*„Counsels on Health,”* bls. 575. En ek het hierdie ding sien gebeur. Kan u self in gevaar stel?

Die Here is nie onredelik in wat Hy van ons verg nie, en Hy vra ons nie om iets prys te gee as dit die moeite werd is om dit te behou nie. Hy vra ons om vleis te laat staan omdat dit nie veilig is om dit te gebruik nie. Hier in Durban is hierdie feit onlangs onder ons aandag gebring toe 'n hoeveelheid maselagtige beesvleis aan die munisipale abattoir ondersoek is. Sommige van ons mense het dit beskou as die beste argument wat hulle ooit gehoor het teen vleis. En dit is die rede, my vriend, waarom die Here u vra om dit te laat staan. „Diegene wat grotendeels van vleis lewe, moet onvermydelik die vleis van diere eet wat in 'n meerdere of mindere mate siek is. . . . Ons loop tienkeer meer gevaar om siektes op te doen as ons vleis eet.”—*„Testimonies,”* Del II, bls. 64.

Waarom sou 'n mens voortgaan om jousself geestelik en liggaamlik bloot te stel aan hierdie gevaar? As groente vir u onverkrybaar is, sal u natuurlik moet eet wat u kan kry. Maar maak seker dat u

alles in u vermoë doen om u diët te reël ooreenkomstig die voorligting van die Gees van profesie. Dit loon die moeite. Beide vir liggaam en siel kan dit 'n kwessie van lewe of dood word.

Miskien weet u nie hoe om vegetarier voedsel voor te berei nie. As dit u moeilikheid is, dan is ons bereid om u te help. Skrywe asseblief aan my en verskaf alle feite omtrent self sodat ek u kan help. Planne word beraam sodat in elke behoefte kan voorsien word sover as moontlik.

Laat ons op 'n hoër peil kom in verband met hierdie saak. God kan en sal ons ryklik seën, as ons die voorwaardes vervul. En onthou ons leuse is „Diens.” Die doeltreffendste aansporing tot 'n mooi lewe, is die begeerte om andere te dien. En die eerste stap tot diens is om 'n voorbeeld te wees vir andere, 'n voorbeeld van wat God vir ons kan doen as ons Sy bevele gehoorsaam. Volgende keer gesels ons verder oor planne vir diens.

S. A. Konferensie

L. L. Moffitt President

P. W. Willmore Sekr.-Tes.

Bus 256, Bloemfontein, O. V. S.

'n Ruime Surplus Verseker

Dit is bemoedigend om te sien hoe die kerke van die konferensie die Oesinsameling hierdie jaar aangepak het. Veertien kerke het of hul doel bereik of oorgegaan. Andere vorder goed. Die totaal wat die Suid-Afrikaanse Konferensie aan die einde van die tweede week van die veldtog opgebring het is £2,427—of 79% van die doel. Dit is uitstekend.

Ek het pas teruggekeer van die Kaap. Albei die kerke op die Skiereiland is oor hul doel—Worcester ook. Hierdie kerke werk nog steeds. Hulle is voornemens om alle beskikbare terrein klaar te maak en sodoende die surplus so groot as moontlik te maak. Ons vertrou dat hierdie gees dwarsdeur die veld heers en ons steun op die hartlike medewerking van elke kerk om die konferensie te help om al die rekords van die verlede te oortref. Laat ons onself, as tweede doel, die taak stel om 'n surplus van £800 op te bring en sodoende onse deel te doen om die Suid-Afrikaanse Unie Konferensie te help om die voorgestelde jubileum surplus van £1,000 te bereik.

L. L. MOFFITT.

Naamverandering

NEEM asb. kennis dat die benaming: Kaapse-Gekleurde Veld van Sewende-dag Adventiste, nou verander is tot: Kaapse Veld van Sewende-dag Adventiste.

L. BILLES.

'n Woord van Waardering

NAMENS die Fochville gemeente wens ons hiermee uiting te gee aan ons waardering van Broeder E. Stevenson se dienste gedurende sy besoek te Fochville. Broeder Stevenson het hierheen gekom om Broeder J. Schoeman met die kolporteur-werk te help, maar vir ons as 'n afgesonderde gemeente was hy waarlik tot grote seën.

Hy het hom opgeoffer om net soveel dienste te hou as ons verlang het, en gevolglik het ons ook nie een aand verby laat gaan nie.

Miskien is Broeder Stevenson nie bewus van hoe 'n groot seën sy dienste vir ons was nie, maar ons kan hom verseker dat sy woorde nog lank by ons sal bly want ons harte het waarlik 'n verfrissing ontvang. Ook was hy 'n groot hulp met die dienste wat ons hier in die lokasie begin het. So lief het die kaffers vir sy dienste geword dat hulle, nadat hy weg was, kom soek het na hom. Hulle wou hom hulle predikant maak! Mog die Here jou nog ryklik seën, Broeder Stevenson, met die wins van siele. Ons sien uit na die tyd wanneer jy ons weer sal kom besoek.

D. W. JONKER.

Kaapse Veld

L. S. Billes Superintendent

J. E. Symons Sekr.-Tes.

Bus 468, Bloemfontein, O. V. S.

Kampdienste in Kaapse-Gekleurde Veld

L. BILLES

DAAR ons reëlings getref het vir ons kampdienste tydens die besoek van Leraar Watson aan die Kaap in Junie, het ons gevrees dat die weer ongunstig sou wees, en dat die opkomste gevolglik nie groot sou wees nie. Vrydag het die wolke swart saamgepak, en ons het elke oomblik reën verwag. Dog, in antwoord op die gebede van ons mense het dit geskyn asof 'n onsigbare hand die wolke opsy geskuif het, en ons het oor die naweek ideale weer gehad.

'n Groot gehoor het geluister na Leraar Watson se openingsdiens, Vrydagaand, en die volgende more het vyfhonderd sewenen-veertig die Sabbatskool bygewoon. By die volgende diens was daar oor die seshonderd teenwoordig. Party van ons broeders wat vragmotors besit, het saamgewerk om lede wat verafgeleë is na die dienste te vervoer, en sodoende is vele wat weëns gebrek aan vervoermiddels die dienste nie sou kon bywoon nie, in staat gestel om dit te doen. Die Sabbatskool offerandes het £7-2-0 opgebring, en die kampdiens offerandes £70.

Een faktor wat baie bygedra het tot die sukses van die dienste, was die uitstekende hulp van die koor, wat bestaan het uit 'n

aantal jongmense van die kerke op die Skiereiland, en wat spesiaal geoefen het vir die geleentheid.

Die vooruitsigte van die werk in hierdie veld was nog nooit skooner as nou nie. In die laaste tyd was daar 'n aansienlike toename in tiendes, en ons hoop om in die nabye toekoms 'n ervare Afrikaanse evangelis na die binnelandse dorpe, waar nog niks gedaan is, te kan stuur.

Ons evangelisasieprogram vir hierdie jaar het alreeds goeie resultate gelewer, deur 'n aantal wat vir die waarheid uitgestaan het. Dit was moontlik gemaak deur verskeie gifte van ons Europese broeders, een waarvan 'n tjeek van £100 gegee het vir evangelisasie in ons veld. Ons voel baie bemoedig waar ons die wonderbare wyse sien waarop God die werk onder ons mense geseën het.

Uitgewers Dept.

F. E. Potter, *Sekretaris*

Voorvalle in die Leesstofbediening

VERPLEEGSTER SERGEL van Kingwilliamstown vind tyd om die waarheid deur middel van ons leesstof te versprei ten spyte van voortdurende siekte. In die loop van haar werk het sy 'n jong dame ontmoet wat twee van ons publieke pogings twaalf jaar gelede bygewoon het en alles omtrent die waarheid gehoor het. Sy het nietemin nie uitgestaan vir die waarheid nie en is later aangem in die Luterse Kerk.

Suster Sergel het probeer om weer haar belangstelling in die waarheid op te wek en na verskeie besoeke by haar aan huis het ons suster daarin geslaag om haar sover te kry dat sy die Sabbatskool bywoon. Nadat sy vyf maande gemeenskap met ons mense gehad het en die waarheid weer studeer het, het die jong dame versoek om gedoop te word en sy is tans 'n lid van die Kingwilliamstown kerk. Suster Sergel glo vas dat die Here oral geleentheid aanbied om siele te win vir die koninkryk—selfs aan diegene wat so swak en lydend is as sy.

Broeder E. Marter is besig om die saad van waarheid te plant in die hart van die besige Johannesburg, deur middel van „This Mighty Hour.” Sake- en vakmanne van alle range het die boek gekoop en toon 'n lewendige belangstelling in die manier waarop hedendaagse wêreldtoestande in hierdie boek geskets en uitgelê word. Hier en daar in alle soorte van plekke vind Broeder Marter belangstellende siele, en hy hou nou twee Bybelklasse per week wat deur twaalf mense bygewoon word. Dit lyk asof die Here ons broeder in hierdie werk gelei het en Gods ryke seën rus op sy pogings om besige vak- en sakemanne die geleentheid te verskaf om die bood-

DIE OPSTANDING

„Jesus leef, die dood oorweldig

Hy wat leef in ewigheid;

Sy verbond is ewig geldig:

Dit belooft Sy majesteit.

Eens rys ek, met lof veelvuldig,

Soos my Heiland uit die graf,

Dan sal ek Hom ewig huldig,

Wat my saligheid verskaf.”

Ges. 182, vers 2.

skap van God vir hierdie uur te ontvang.

Broeder D. A. de Beer is besig om die boodskap in drukvorm te neem na die platteland en, tensypte van die poging van predikante om sy werk te verhinder, ontmoet hy oral belangstellende siele. Verskeie predikante maak reise deur die distrik om te preek teen ons broeder se werk en die mense te waarsku om hulle doof te hou vir sy boodskap. Nieteenstaande dit alles is ons broeder in aantaking met 'n aantal belangstellende families, waarvan twee alreeds die Sabbat hou.

Die voorafgaande ondervindinge is maar 'n paar van talle wat toon hoe vrugbaar die werk van die leesstofbediening is.

Die getroue manne en vroue in hierdie afdeling van die Here se werk is vol moed en vind in hulle werk 'n bron van ryke geestelike seën vir hulself.

Obituaries

TICKTON.—Sister Henrietta Tickton, *née* Webb, was born November 16, 1863, and passed to her rest on Sunday, June 17, 1934. Our sister was born and brought up in a Christian home and readily responded to the appeal of truth when the message was preached by the late Elder Boyd. She was baptised in 1888 being among the first group of South Africans to be baptised into the Adventist faith. In 1901 she was married to Brother A. W. Tickton, by Elder W. S. Hyatt.

Her life has been marked by faithfulness and consistency. She loved her Master and with earnestness and humility endeavoured to follow in His steps. Her constant ambition was to advance the kingdom of Christ and for many years she has placed thousands of copies of our literature into the homes of the people. The literature ministry has lost a noble and valiant warrior. The church has lost a mother in Israel. Her husband, son and daughter remain to mourn their loss. A memorial service was held in the Johannesburg central church on Sabbath, June 30, by the writer.

WILLIAM H. HURLOW.

NELL.—Stella Nell was born in Kimberley, December 3, 1887 and passed peacefully to her rest at the Hillrise Nursing Home, Somerset West, on July 5, 1934.

In earlier years Miss Nell served as stenographer and office secretary to some of the large business firms of Kimberley from whom she carried the highest testimonials.

She accepted the message under the labours of Elder Paap in 1919. Two years later she entered denominational service, first at Claremont and later at the Port Elizabeth office. In 1923 she was called to the college, then at Spion Kop. This connection she maintained until her serious illness three months ago.

We find consolation in the remembrance of a life fragrant with the highest ideals of service. Prompt in duty, exact in its performance, orderly in every detail of life, she exemplified the highest qualities of her calling.

Miss Nell had a consistent Christian experience and throughout her extremely trying illness she maintained her firm confidence in God. We have every confidence that our sister will rise in the first resurrection.

She leaves to mourn, an aged father, a sister and a brother.

G. E. SHANKEL.

Doodsberg

WARDEN.—Broeder S. C. Warden is gebore op 5 Junie 1857 in die Paarl, Kaapland. Hy is die jongste kind van Majoor Warden. Sy woning was in George en hy het aan die Kerk van Engeland behoort. Toe hy nog jonk was het hy na Clocolan verhuis (destyds was dit nog die distrik van Ladybrand) waar hy in die huwelik bevestig is met Margaret Susanna Warden. Uit die huwelik is nege kinders gebore waarvan nog vier lewe. Die familie het nou aan die Nederduits Gereformeerde Kerk behoort. Een Sondagmore lees vader en moeder Exodus 20.

„Maar die wet van God sê dan ons moet die sewende dag hou. Waarom hou ons die eerste dag? Dit is mos verkeerd,” sê moeder.

Hulle het toe dadelik besluit om die sewende dag te hou. Dat daar ander mense was wat die sewende dag vier, het hulle gladnie geweet nie.

'n Paar weke later het Broeder P. J. Raubenheimer, wat toentertyd in die kolporteurswerk was, op die plaas aangekom. Hy het aan vader 'n eksemplaar van „Bybellesings” verkoop en hom vertel dat daar baie mense is wat die sewende dag hou. Deur die studie van „Bybellesings” het hulle toe die volle waarheid aange-nem en is in die jaar 1915 gedoop deur Leraar Butler op Carnovium, die plaas van Broeder P. A. Venter, Snr. Hulle het die waarheid lief gehad en het volhard in die geloof tot die einde.

Moeder is oorlede op 4 Julie 1932 en vader op 4 Junie 1934.

G. P. LOUWRENS.

The Southern African Division Outlook

Published semi-monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)
Subscription price, 2/6 per annum

A. E. NELSON Editor
MRS. J. L. MILFORD Asst. Editor
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS
J. F. Wright *President.*
A. E. Nelson *Treas. and Auditor*
A. F. Tarr *Secy. and S. S. Secy.*
A. N. Tonge *Medical Secy.*
M. P. Robison *Ed. and M. V. Secy*
F. E. Potter *H. M. and Field Miss. Secy*
J. I. Robison *Religious Liberty Secy*

Helderberg News Notes

MISS BEATRICE IVES arrived on July 16, to enter upon her duties as stenographer.

GERALD INGLE underwent an operation for appendicitis recently. As the case was not acute Gerald has recovered very quickly, and will be with us in a few days.

THE Senior Class was organised recently with the following as officers: N. Cowley, president; Irene Bristow, sec'y-treasurer; L. Staples, pastor; P. Venter, serjeant-at-arms.

THE grading and terracing proceeds steadily and each day brings a more orderly appearance to the campus. We are just starting to set out 200 rose trees as part of the general improvement.

HELDERBERG COLLEGE has ordered a club of 500 *Signs* and *Tekens* to be distributed by the students in Somerset West, on Sabbath afternoons. It is hoped to prepare the way for a strong evangelistic effort later.

THE Teachers' Conference held recently at the college, although primarily for the teachers in our church schools, proved to be very profitable both to the teachers at the college, and also to the students in Normal training.

DURING the conference Brother E. M. Cadwallader provided a very interesting and profitable evening's entertainment when he showed a series of industrial and geographical films.



Situation Wanted

A SEVENTH-DAY ADVENTIST girl, age 18, good health, willing to do housework, nursing or any other kind of work, wishes to be employed by a Seventh-day Adventist. Write to J. W. Wessels, Paarl Street, Standerton, Tvl.

Harvest Ingathering Progress

FUNDS RECEIVED ARE INDICATED BY SOLID BLOCKS

Angola Union Mission

Goal £100

Received

EACH BLOCK REPRESENTS £2

Congo Union Mission

Goal £50

Received

EACH BLOCK REPRESENTS £1

S. E. A. Union Mission

Goal £145

Received

EACH BLOCK REPRESENTS £2

Zambesi Union Mission

Goal £660

Received

EACH BLOCK REPRESENTS £4

S. A. Union Conference

GOALS

Union £3,845
S. A. Conference 3,075
Cape Coloured 175
S. A. Miss. Field 550
Bechuana. M. F. 45

RECEIVED

Union £3,509
S. A. Conference 2,844
Cape Coloured 165
S. A. Miss. Field 500
Bechuana. M. F.

EACH BLOCK REPRESENTS £10

